DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

25 Februarie 2018
NAGMAAL

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 63: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 116: 7 - 9
Sing	Ps. 100: 1 - 4	Sing	Ps. 66: 1, 2
	Ps. 119: 39, 63		Ps. 66: 5, 6
	Ps. 23: 1		Ps. 66: 7, 9
	Ps. 23: 2		
	Ps. 23: 3		
	Sb. 5-4 (Sb. 10) (aan tafel)		
	Sb. 5-3 (Sb. 8) (met terugbeweeg)		
	Ps. 43: 3 - 5		
Skriflesing	Psalm 23: 1-6	Skriflesing	Psalm 66
Teks	Psalm 23: 1	Teks	Psalm 66: 13-14
Tema	**Ons HERE is ons Herder**	Tema	**n Gelowige se dankbare antwoord op die Here se verlossingswerk**

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Aanvaar

- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.
- Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie

Beroepe Bedank

- Ds C Jooste (Christiaan) van Waterberg na Brits
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Komatipoort

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BORG 'n BYBEL

Die geleentheid om by Rus-oord bybels uit te deel moet ongelukkig met 'n week of twee uitgestel word. **Die nuwe datum sal so spoedig moontlik deurgegee word – sien asseblief volgende week se *Die Loot* vir nuwe reëlings**. Ons vra om verskoning vir enige ongerief, dit is ongelukkig omstandighede buite ons beheer. Vir navrae kontak asseblief vir sr. Debbie Joubert.

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 15:15 e.v. / Aand: Handelinge 15:30 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)
Rondebosch (Engels): Woensdag om 18h00 by Michael's Cafe, Rondebosch

GEMEENTESANG – PAASFEES

Ons wil DV **Sondag, 25 Maart** na die aanderediens, die dood en opstanding van ons Here Jesus Christus met koor- en gemeentesang vier. Almal word hartlik uitgenooi!

HEKEL-EN-BREI

Almal word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op DV **Donderdag, 1 Maart** om 19h00 in die konsistorie. Dit is 'n baie informele geleentheid waar ons saam hekel en brei, lekker koffie drink en gesels. Ons hoop om daardeur ons mede-gelowiges beter te leer ken. Indien jy besig is met 'n ander kreatiewe projek, soos inkleur, is jy ook meer as welkom om by ons aan te sluit. Laat weet asseblief of jy dit gaan bywoon teen Woensdag, 28 Februarie. Vir navrae kontak vir sr. Emzy Venter.

HUISBESOEK

Wyk **Parow-Noord** (oudl. Elzar Wendt) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00. Alle lidmate, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om asseblief saam te kom sing!

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle graad 8 tot 25-jarige lidmate kom DV **Sondag, 4 Maart** bymekaar vir bybelstudie. Dit is 'n gesamentlike byeenkoms met Bellville-Oos gemeente en begin om 19h45 by hulle kerkgebou. Ons gaan Prediker 4 behandel. Laat weet asseblief of jy gaan kom en indien jy vervoer benodig. Vir navrae kontak sr. Carolien Meijering.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Willem de Haan wat 'n operasie ondergaan het en tans tuis aansterk

POTJIEKOS-KOMPETISIE

Ons gemeente hou DV **Saterdag, 24 Maart** 'n potjiekos-kompetisie. Diegene wat graag 'n potjie wil inskryf, moet asseblief hul naam op die lys in die konsistorie skryf. **Oud en jonk kan deelneem**! Inskrywings is gratis, maar die deelnemer verskaf self die bestanddele as ‘n skenking. Die wenner ontvang die gesogte wisseltrofee asook 'n geskenk!

Program: 14h00 Vure word aangesteek
18h00 Beoordeling
18h30 Tafelgebed & ete

Reëlings:

- Minimum pot-grootte is ‘n **nr. 3 potjie** (ten minste 10 porsies)
- Elke deelnemer vul ‘n vorm in met jou eie naam as die eerste kaartjie (wat gratis is).
- Jy verkoop dan die res van jou pot se porsies aan ander lidmate. Hierdie name word ook op jou vorm ingevul.
- Indien jy nie self jou pot se kaartjies uitverkoop nie, kan enige ander persone hul naam by jou potjie skryf.
- **Koste: R40 per porsie (R20 vir kinders onder 10 jaar)**
- Hout & bykosse word verskaf.
- **Inskrywings sluit 11 Maart 2018**.

Vorms en kaartjies is by sr. Annalize Louw beskikbaar. Plaas asseblief die korrekte bedrag in ‘n gemerkte koevert. Slegs kontant betalings asseblief.

SANDJIES (2 jaar tot Graad R)

Die Sandjies hou DV **Saterdag, 3 Maart** piekniek! Alle voorskoolse maatjies en hul gesinne word hartlik uitgenooi om saam te kom kuier. Ons kry mekaar 10h00 by die Jack Muller/Danie Uys park in Boston. Bring asseblief ‘n kombers, eet- en drinkgoed. Vir navrae of as jy nog nie op die *WhatsApp* groepie is nie, kontak sr. Willina Cilliers.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Ons wil graag hierdie jaar weer gaan kamp met die Skiereiland vir Christus kinders. Dit was 'n groot sukses verlede jaar - ons het meer van die kinders geleer en is definitief besig om dieper verhoudings te bou. Die kamp se sukses was wel nie te danke aan een of twee persone nie, dit was as gevolg van baie lidmate se insette en bydraes. Hierdie jaar wil ons weer die gemeente se hulp vra - enige wyse van hulp sal waardeer word!

Die kamp vind plaas DV Woensdag, 4 April - Sondag, 8 April te Disakloof, Bettiesbaai.

Ons benodig:

- **Groepleiers** wat die kamp kan bywoon en met die kinders werk ;
- Lede vir die **kos-span** wat vir br. Adriaan Louw kan bystaan ;
- Persone wat kan help met die **vervoer** van kinders en toerusting ; en
- Lidmate wat kans sien om vir ons 'n **aktiwiteit** te kom aanbied.

Dit is ook nie nodig om die hele naweek by te woon nie – almal is welkom om te kom kyk wat ons doen! Kontak asseblief vir srs. Elré Gerber, Magda Groot of Jana de Bruyn indien jy wil betrokke raak.

VGK BASAAR – Ons bak pannekoek!

Die Vrye Gereformeerde Kerk beplan hul basaar vir DV **Woensdag, 21 Maart** ('n publieke vakansiedag). Ons Susters gaan 'n pannekoek-stalletjie hê, as fondsinsameling vir die Susterskas. Ons benodig bestanddele en helpers (broeders ook baie welkom) om te help bak en verkoop. Enige skenkings van bestanddele, of kontant vir aankoop van bestanddele, sal baie waardeer word. Daar is naamlyste op die kennisgewingbord waar lidmate hul name kan opskryf vir hulp en skenkings. Enige navrae kan gerig word aan sr. Annalize Louw.

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: *Geen tee/koffie* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete.

Volgende Sondag: Srs. **Gerry van der Walt**, Debbie Daling, Michelle de Witt, Anna-Marie Joubert, Martha Silvis, Daniélle Smit, Marthie van Rooy, Annette Wendt

VERGADERING

Die Susters se betrokkenheid in die gemeente funksioneer van vanjaar af volgens 'n komiteestelsel. Ons nooi AL ons Susters om die algemene Sustersvergadering op DV **Woensdag, 28 Februarie** by te woon waar u meer kan uitvind oor die verskillende komitees en hul funksies, asook deelneem aan die bespreking daarvan. Verversings word vanaf 18h30 aangebied en die vergadering sal so kort moontlik gehou word.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Martin van der Walt, Paul Swart, Lawrence Lombard

Volgende week: Brs. Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard, Eduard Roos, Piet Reyneke

Ouderlinge

Vandag: Brs. Niël van Hoving, Gert Mulder, Jacobus Venter, Jakobus Wüst

Volgende week: Brs. Ben Groot, Berend Meijering, Piet Aucamp, Gustaaf Costerus

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Llen Labuschagne, Marten Daling

Volgende week: Brs. Willem de Haan, Dewald Costerus

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Kinderhuise in kerkverband
By die deure:	Instandhouding van eiendomme	Teologiese Studentekas

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Februarie: 26/02 Parow-Noord

Maart: 12/03 Glenlily, 26/03 Parowvallei

April: 16/04 Boston 1, 23/04 Boston 2

NAGMAAL

Ons gemeente vier vanoggend die sakrament van die Heilige Nagmaal.

Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan 'n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus 'n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy

vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie.

Gemeente-ete

Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete. Elke gesin bring asseblief ‘n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief ‘n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS

Susters

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Volgende Sondag voor die erediens sal daar ‘n verkiesing van ouderlinge en diakens plaasvind.

- As ouderlinge vir Bellville (kies 3): brs. Piet Briel, Guillaume Gerber, Attie Juyn, Arno Loots en Adriaan Louw
- As ouderling vir Rondebosch: br. Tommy Botha
- As diakens vir Bellville (kies 4): brs. David Myburgh, Kobus Myburgh, Mannes Nijeboer, Johan van Staden en Tommie Venter
- As diaken vir Rondebosch: br. Mark Berchard

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Rii van der Walt** gelukwens met haar **84ste** verjaarsdag!

Vandag	Br. Marten Daling Sr. Anna-Marie Joubert Lika Koegelenberg (3 jaar) Br. Erasmus Smit
26/02	Br. Anton van den Bout Sr. Rii van der Walt
27/02	Lize Cilliers (6 jaar) Br. André Costerus Sr. Sessie Ndou
28/02 02/03	Nicholas Taljaard (7 jaar) Br. Adriaan Louw Sr. Annalize Louw Sr. Ilze Steyn Sr. Thilana Wendt
03/03	Sr. Yvonne Smith

... mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak ...
1 Tessalonisense 3:12

7. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Orrelis	Sr. Etresia Hendricks	084 472 4648
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za